



## Sodat ons nie vergeet nie!

Feb 2010, uitgawe No. 100

Wat het die volgende datums in gemeen: 7 Desember 1941, 22 November 1963, 11 September 2001? Dis datums van gebeure wat veral mense in die VSA altyd sal onthou. Ongelukkig was almal tragedies – die aanval op Pearl Harbor, die sluipmoord op President Kennedy en die terroristeaanval op die World Trade Centre in New York. In jou land en kultuur is daar sekerlik ook datums en gebeure wat onthou word en die hierbo mag minder bekend wees. Daar was onder andere 'n wêreldoorlog voor Desember 1941 en verskeie terroristeaanvalle in ander lande. **Dink aan die belangrikste datums in jou geskiedenis en hoekom jy dit onthou.**

Wat van 20 Julie 1969? Onthou jy die datum? Dis toe die eerste mens op die maan geland het. Dit was 'n glorieryke dag, maar hoekom onthou ons nie die datum so goed nie? Psiologies is ons geneig om slechte dinge beter te onthou as goeies. Om die slechte dinge te onthou veroorsaak soms pyn of 'n gevoel van verlies, maar ons onthou steeds!

Dit is dieselfde met ernstige prosesveiligheidsincidente. Volgende maand is dit 5 jaar sedert die ontploffing by die raffinadery in Texas City waar 15 mense dood en 180 beseer is. Sulke datums word in elke maatskappy onthou omdat dit ernstige en tragiese incidente is. Is daar 'n seremonie om sulke incidente te herdenk? Waarskynlik nie, maar hulle is net so belangrik soos die vrystelling van 'n nuwe suksesvolle produk. Om die incidente te onthou kan 'n pynlike ervaring wees, veral vir dié wat familie of vriende verloor het. **Dit is egter belangrik om te onthou sodat ons hierdie tipe incidente in die toekoms kan voorkom.**

## Het jy geweet?

- Prosesnywerhede oor die wêreld het 'n gemeenskaplike kultuur, gedefineer deur die tipe industrie waarin ons werk en die gevare van die chemikalië en prosesse wat ons gebruik. Hierdie kultuur strek oor landsgrense en daar is datums in die geskiedenis van prosesveiligheid wat ons nooit moet vergeet nie. Twee daarvan het ons bespreek in die November en Desember 2009-uitgawes van die Beacon: Die brand by die Mexico City LPG-terminal op 19 November 1984 en die gifgasvrylating by Bhopal in Indië op 3 Desember 1984.
- Norman Burlaug het gesê: "Dit lyk asof mense doelbewus die beskikbare lesse uit die verlede ignoreer." Hy was 'n botanis en het in 1970 die Nobelprys vir Vrede ontvang vir sy bydrae oor die wêreld se voedselvoorsiening.
- "Ons lewe in die teenwoordige tyd, ons droom oor die toekoms, maar ons leer ewige waarhede uit die verlede." – Madame Chiang Kai-Shek

## Wat kan jy doen?

- Vra senior werkers uit oor incidente uit die verlede. Miskien was daar nie ernstige ontploffings nie, maar daar kon kleiner incidente gewees het, of prosesafwykings wat byna 'n ernstige incident veroorsaak het, of prosesfalings wat ernstige kwaliteits- of bedryfsprobleme veroorsaak het.
- Dokumenteer incidente uit die verlede in 'n vorm wat maklik uitgehaal kan word vir toekomstige bespreking.
- Deel lesse uit die verlede met nuwe werkers in jou aanleg, van skoonmakers tot aanlegbestuurders, sodat almal daaruit kan leer.
- Gebruik die incidente uit die verlede tydens prosesrisikoanalise (Process hazard analysis) om almal te herinner wat kan gebeur.
- Lees en deel die Beacon met ander om incidente wat elders plaasgevind het, en dit wat mens moet doen sodat dit nie ook by jou aanleg gebeur nie, te verstaan

**"Daar is niks nuut in die wêreld nie behalwe die geskiedenis wat jy nie ken nie." – Harry S. Truman, vorige president van die VSA**

AIChE © 2010. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at [ccps\\_beacon@aiche.org](mailto:ccps_beacon@aiche.org) or 646-495-1371.

**On behalf of all of the readers of the Beacon in 33 languages, CCPS and the CCPS Process Safety Beacon Committee would like to thank all of our volunteer translators for their efforts on behalf of process safety throughout the world in 2009. With this issue of the Beacon, we celebrate 100 issues since November 2001.**

All translators are volunteers, and the only compensation that they receive is the knowledge that their efforts are helping to improve process safety throughout the process industries. Because of their volunteer efforts, CCPS is able to distribute the Process Safety Beacon in 33 languages as of December 2009. If you know, or meet, any of our translators in the course of your work, please thank them personally for their work. If you are interested in translating the Beacon into a language which is not currently available, please contact us at [ccps\\_beacon@aiche.org](mailto:ccps_beacon@aiche.org) and we will provide you with information on the procedure for translation.

<b>Afrikaans:</b> Francois Holtzhausen, Sasol	<b>Malay:</b> Busari Jabar and Amiruddin Bin Abu Bakar, PETRONAS
<b>Arabic:</b> Khalid Walid Haj Ahmed, Alfaaisal University	<b>Marathi:</b> Shirish Gulawani, Thermax Limited - Chemical Division
<b>Brazilian Portuguese:</b> Antonio Lauzana, Petrobras / Repar	<b>Norwegian:</b> Janne-Kristin Nyquist, Reichhold AS
<b>Chinese:</b> Li Yi and Zhu Ronghui, Kunming Cellulose Fibers Co., Ltd	<b>Persian (Farsi):</b> Mostafa Sadeghpour National Iranian Oil Refining and Distribution Company (NIORDC)
<b>Danish:</b> Ole Raadam, Becht Engineering Co., Inc.	<b>Polish:</b> Agnieszka Majchrzak, Płock, Poland
<b>Dutch:</b> Marc Brorens, BP Rotterdam Refinery	<b>Portuguese:</b> Nuno Pacheco, Repsol Polímeros and Helder Figueira, DuPont Safety Resources
<b>French:</b> Robert Gauvin, SNC-LAVALIN INC. <small>NOTE: Robert has provided French translations of all 100 issues of the Beacon !</small>	<b>Russian:</b> Sergey V. Belyaev, EHS Manager
<b>German:</b> Dieter Schloesser, Basell; Martin Fuchs, Chemtura Manufacturing Germany GmbH; Karl-Fred Woerner Celanese/Ticona	<b>Spanish:</b> Julio Miranda, P. Eng
<b>Greek:</b> Vassiliki Moukriou, Magdalini Karakitsiou, Anastasios Keramopoulos, HELLENIC PETROLEUM SA	<b>Swedish:</b> Iva Rauswall Frisk and Claes Bromann, Borealis AB
<b>Gujarati:</b> Mayoor Vaghela, HELPS Safety Consultant	<b>Tamil:</b> Varun Bharti, Cholamandalam MS Risk Services Ltd.
<b>Hebrew:</b> Reuven Wachs, HSE consultant; Benny Sagiv, ICL Global; Martin Stone, Bromine Compounds Ltd.; Boaz Harel, Eilat Ashkelon Pipeline Co. Ltd.; Yossie Weber, Weber Safety Engineering Ltd.; Ofer Navot, Intel	<b>Thai:</b> Surak Sujaritputangoon, HMC Polymers Co., Ltd., and Donruethai Tantiwaraporn, Postgraduate Student, Coventry University, UK
<b>Hindi:</b> Rekha Sharma, Chilworth Technology (Pvt. Ltd)	<b>Traditional Chinese:</b> S.G.Lin
<b>Hungarian:</b> Maria Molnarne, BAM, Berlin	<b>Turkish:</b> Hasim Sakarya, Dow
<b>Indonesian:</b> IIPS (Alvin/Darmawan/Vidya/Wahyu)	<b>Urdu:</b> Rizwan A. Taqi
<b>Italian:</b> Cesare Mazzini and Monia Casana, Uniqema	<b>Vietnamese:</b> Ha Van Truong, BP
<b>Japanese:</b> Takuya Kotani and colleagues, SCE-NET	<b>Telugu:</b> V.Ravi Kumar, Nagarjuna Fertilizers and Chemicals Limited
<b>Korean:</b> Hwan Bae, SK Corporation	